Laerskool Louis Leipoldt

Gr 3 Yskasbrief


Kwartaal 3 Week 4

# TEMA: Besoedeling/Lank gelede

- Huiswerk moet asb. weekliks voltooi word - dit tel as voorbereiding vir die assessering.
- Leerders se huiswerk en leesboeke **moet** asb. elke dag by die skool wees.
- Merk asb. al u kind se skryfbehoeftes, klere en kosblikke.
- Leesboeke sal betaalbaar vervang moet word indien u kind die leesboek verloor of verniel.

## Afrikaans

- **Voltooi huiswerkopdragte in lêer.**
- **Lees: Leesreeks 3-** *Doempie*



| | |
|---|---|
| Dinsdag | bl. 13 + 14 |
| Woensdag | bl. 15 |
| Donderdag | bl. 16 |

### SPELLING:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ding | ring | gang | tang | kring |
| dingetjie | skryf | gangetjie | tangetjie | alleen |
| ringetjie | nooit | kringetjie | praat | ry |

### Klanke van die week:

-ng/ -etjie

## English

- **Complete homework assignments in file.**
- **Reading: Reader 2-** *Dirty Bertie spider*

| | |
|---|---|
| Tuesday | p. 22 + 23 |
| Wednesday | p. 24 |
| Thursday | p. 25 + 26 |

### SPELLING:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| house | mouth | bounce | count | ground |
| flour | proud | sound | round | mouse |

**Sentences:**

She found a sour jellybean in her lunchbox.


My brother likes stories about large airplanes.

### Phonics of the week:

"ou"-sound

## Wiskunde

- Voltooi huiswerkopdragte.



# LEWENSVAARDIGHEID & KUNS

- Voltooi huiswerkopdragte.

## ASSESSERING

**Afrikaans:**

11 - 14 Aug 2026

- Lees
- Begripstoets
- Kreatiewe Skryfwerk
- Luistertoets
- Taalstruktuur 1

17 - 21 Aug 2026

- Taalstukture 2
- Afr GROOT speltoets (Week 1 -5)

**Wiskunde:**

17 - 21 Aug 2026

- Meting

**Lewensvaardigheid:**

28 Aug 2026

- Kuns

**Bring die volgende saam:**

Enige ou leesboek of 3 tydskrifte.

*Leerders gaan die boeke vou en versier.*

**English:**

11 - 14 Aug 2026

- Writing
- Comprehension
- Listening test 1



---

## *Maak jou brein slimmer:*

- **Ouditief:** Lees die volgende storie 2 keer voor aan die leerder en vra dan die vragies mondelings. Hulle moenie die antwoorde neerskryf nie – net mondelings sê.

---

### Dokter dokter

Ek en Jasper (18 maande) was in my studeerkamer aan die werskaf toe die telefoon lui. Terwyl ek gesels hoor ek hoe Jasper vreeslik huil. Terug in die studeerkamer kry ek hom met 'n blikkie gekleurde duimspykers in die hand.

Hoe hy die skroefdeksel oopgekry het, weet nugter. My eerste gedagte was die kind het 'n duimspyker ingesluk, en ons is dadelik dokter toe. In die motor het hy nie so baie gehuil nie, maar by die dokter was hy weer baie ontsteld.

Die dokter het ons gestuur om X-strale te gaan neem. Terwyl ons soontoe jaag, was Jasper weer stillerig. By die X-strale het hy weer vreeslik gehuil. Ek het gewonder hoe ek hom sou kry om stil te lê. Wonder bo wonder het hy ophou huil en rustig gelê. Ek het sy trui en skoene uitgetrek. Die vrou met die plate het teruggekom en gesê dit lyk goed; ons kon maar aantrek en voor gaan wag vir die verslag. Ek het geweet dit was alles verniet, want in die binnekant van sy skoen het 'n duimspyker gesit!

1. In watter deel van die huis was die ma gewees toe sy haar kind hoor huil het?
2. Wat is die kind se naam wat seergekry het?
3. Hoe oud is die kind?
4. Hoekom het die ma dadelik die seuntjie dokter toe gevat? Wat was haar eerste gedagte toe sy hom in die studeerkamer sien?
5. Hoekom het Jasper nie so baie gehuil in die motor op pad dokter toe nie?
6. Waarvoor het Jasper en sy ma "gaan wag" in die spreekkamer?
7. Waarom sê Jasper se ma: "Dit was alles verniet"? Wat was verniet gewees?

